

Ds. A. W. C. Bester  
Nieuwoudtville  
23 Julie 1967

Onderwerp: Troos

Lees: Markus 6 verse 45 tot 56  
Teks: Markus 6 verse 50 en 51

Sing: Psalm 84 verse 1 en 6  
Gesang 20 verse 7 en 9  
Gesang 118 verse 1 en 4

“Broers en Susters, God in sy ewige alwetenheid het elke mens se pad en eindbestemming vooruit bepaal. Al sou die mens met al sy krag en mag dit anders wou, sal die wil van God steeds geskied. Hierin lê elke kind van God se troos en bemoediging om die pad te aanvaar soos God dit bepaal het.

“Ons weë, so het God bepaal, is nie almal dieselfde nie. Moses moes veertig jaar lank in die woestyn van eensaamheid vertoef om deur sy God toegerus en afgerond te word vir die taak wat Hy op sy skouers sou plaas.

“Jakob se pad moes juis deur die Jabbok gaan, want hier het God ’n bestelling met sy kneg gehad. Hier sou hy worstel met sy God tot behouenis van sy onsterflike siel. Dit was ’n kreupel Jakob wat die weg verder bewandel het, maar ’n Jakob met God in sy hart en lewe.

“Onder die besembos moes Elia in moedeloosheid lê en by die spruit Krit die hemel bespied vir God se rawe om tot die besef te kom: ek nietige mens is afhanklik van God se sorg.

“Broers en Susters, só kan ons vanmôre hoeveel voorbeelde noem. Telkens kom ons by dieselfde refrein: God bepaal die mens se weg. Soos God lei, só is dit goed.

“Vir die dissipels het die pad oor die meer na Betsáida gegaan. Hier sou ’n storm hulle lewe bedreig en hulle in die aangesig van die dood verkeer. Maar hier sou hulle ook die stilte, kalmte en heil van Jesus Christus ondervind.

“Broers en Susters, hierdie twee wêrelde is deel van elke skepsel op aarde se lewenspad: storm en stryd, kalmte en rus. In hierdie afwisseling van die lewe lê dikwels die grootste vorming van die mens. Oor hierdie hoogtes en laagtes moet ons Hemel toe.

“Storms: dit is daardie oomblikke wanneer alles nag word om jou heen. Wanneer jy alleen staan. Wanneer jy ’n magtelose toeskouer is as alle mensgemaakte vestings en fundamente om jou heen verkrummel. Daardie oomblikke wanneer die golwe hoog toring en die winde hewig loei. Dan is ’n mens geneig om te vra: waarom Here, waarom juis op my pad, o God?

“Broers en Susters, terwyl Paulus se skippie geteister is deur die Euroklídon op die waters van die Adriatiese See en dit gedreig het om te vergaan, hoor ons die antwoord: ‘Maar nou vermaan ek julle om moed te hou ... Want daar het in hierdie nag by my gestaan ’n engel van die God aan wie ek behoort’. (Hand 27:22,23) God beskik en God bepaal.

“Stilte en kalmte: dit is daardie oomblikke wanneer die gemoedsrus oor jou geteisterde lewe daal. Dit is daardie oomblik as ek ophou om te vra en slegs die hand uitsteek, soos die sinkende Petrus toe hy die sterk wind gesien en bang geword het: ‘Here, red my!’ (Matt 14:30) Broers en Susters, dit is daardie oomblik wanneer ons soos die Emmaüsgangers vir Jesus Christus erken as die troue metgesel op die pad. Dit is wanneer jy tot die heerlike ontdekking kom: ek is nie alleen nie, ek is nie eensaam nie. Nee, Jesus Christus is met my, soos Hy beloof het.

“Hoe dikwels herken ons Hom nie, soos sy dissipels op die woeste en dreigende golwe van die lewenssee. Hoe dikwels is Hy nie ook vir my ’n spook nie. Hoe dikwels is die bedreiging en rampe van my lewe nie die oorsaak van vervreemding, in plaas van toenadering tot die ewige God nie?

“Ja, die Satan, die owerste van duisternis, is voortdurend besig om mure op te rig tussen my en my God. Nie deur teëspoed alleen word my lewe bedreig nie, maar veral deur my voorspoed en geluk. Hoe heerlik is dit nie vir die Satan as die mens sê: ek het God nie meer nodig nie. Is dit nie die belydenis van die twintigste eeuse mens nie?

“Broers en Susters, as ons begeer om eendag God se veilige hawe te bereik, om koers te hou oor hierdie geteisterde lewensweg, dan moet ek soos die verlamde van ouds die selfgewilde krukke waarop ek steun, weggooi om God met albei hande vas te gryp. Dan moet daardie oomblik in my lewe aanbreek wanneer ek soos Thomas sal uitroep in algehele oorgawe en toewyding: ‘My Here en my God!’ (Joh 20:28)

“Daar is twee dinge wat in ons lewens waar moet word. Elke dag moet my lewe ’n soeke wees na God se hand. Die hoofsaak in my lewe moet wees die hand van Jesus Christus. Broers en Susters, Jesus Christus alleen is my waarborg om behoue te bly. In Jesus Christus se hand is ek veilig en geborge. Hier rus God se oë op my bestaan. Dan is daar nog iets. Ek moet leer om nie net vir myself te lewe en te bid nie, maar ook vir ander om my heen.

“Dan sal ons tot die heerlike ontnugtering kom dat in my soeke na God se hand in my lewe en gebede vir ander, daar ’n hemelse kalmte en rus oor my lewe kom. Dan eers kry die lewe vir my sin en betekenis. Nóú word dit eers die moeite werd om te lewe. Dan is die lewe nie meer tevergeefs en ’n gejaag na wind nie. Hier geld altyd die eenvoudige reël: soek eers die koninkryk van God, die aangesig van God, en al die dinge wat jy nodig het sal bygevoeg word. (Matt 6:33)

“Kalmte en rus by God beteken: ‘die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof.’ (Heb 12:2) Soos die dissipels is ons so dikwels besig om in eie krag die storms teen ons lewe af te weer, om die skip van ons lewe te behou, dat ons Jesus nie meer sien nie. Ons vergeet om in die nag van teleurstelling en beproewing op te kyk na die Hemel, soos die eensame siener van Patmos. [Johannes was vir sy geloof ’n banneling op die eiland Patmos. Hy het daar die boek Openbaring ontvang.] God is in die Hemel vanwaar Hy na my, die vermoeide stryder, kom en aan my al sy heerlikheid en krag wil openbaar.

“Jesus staan nie afsydig teenoor die stryd van sy stormgeteisterde dissipels nie. Nee, ons lees in ons teks: Hy gaan na hulle toe. Hy wandel oor die siedende en onstuimige see. Jesus is altyd by ons in die katastrofes en verskrikkings van die lewe. Hy kom om my te red van die sinkende lewensskuit en my vas te hou in sy ewige Vader-arms en my te troos.

“Toe die dissipels met verbaasde oë vir Jesus op die golwe sien loop het, het hulle gedink Hy is ’n spook, ’n hersenskim in ’n nag van katastrofe.

“Ons tree dikwels nét só op. Wanneer die siedende golwe skielik bedaar en die swiepende orkaan gaan lê, dan glo ons dat dit God is wat oor die storm beskik. Maar dat God ook midde in die storm aan ons wil verskyn, dit begryp ons nie altyd nie. Nee, dan wil die noodsituasie God se aangesig in ’n spook laat verander. Wanneer die liggaam wil knak onder pyn en smart word dit moeilik, ja, in vele gevalle haas onmoontlik om

met die Psalmdigter te sê: 'Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.' (Ps 23:4)

"En tog, Broers en Susters, leer hierdie geskiedenis ons vandag dat God juis graag in die oomblik van beproewing na ons toe kom. As ek vandag vir u sou vra wanneer daar 'n beslissende ontmoeting tussen u en u God was, sou sommige kan getuig: in die oomblik van my vreugde. Maar miskien sal die meeste sê: ek het my God ontmoet in die oomblik toe die wêreld om my ineengestort het; in die oomblik toe groot weë van die lewe my oorval het.

"Alleen hier, aan die voete van God, hier digby Hom word die lewe sinvol en betekenisvol. Hier kry die dinge van God se koninkryk waarde. Dit is hier waar die liefde ontbrand; waar ywer en lus in die genademiddels van God in my opgewek word. Dit is hier waar my oë nie meer verstar op die nietige slingervel in my hand nie, maar gerig is op God wat oorwinning gee oor die reus wat my lewe bedreig.

"Broers en Susters, God wil dat ons agter die verskrikking en bedreiging sy Vaderhand sal sien. God wil dat ons elke dag bokant die geloei van die storms sy stem sal hoor: 'Hou goeie moed, dit is Ek; moenie vrees nie.' (Mark 6:50) 'En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.' (Matt 28:20) Dank en loof God vir hierdie woorde vanmôre, dat nie net die wêreld met sy verskrikking bestaan nie, maar dat Hy duidelik vir ons sê: hou goeie moed. Moenie vrees nie.

"Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?

"Nee, Broers en Susters, kom ons lê ons hand in Jesus se sy en steek ons vingers in die merke van sy hande. Dit is Jesus Christus, die Seun van God. Hy was verlate, eensaam en verguis - om ons te red. Jesus wat storms beskik op my pad, maar ook storms stilmaak. Want soos die kind verseker en beskerm is deur sy vader en moeder wat by hom is; só moet ons verseker wees in God: of ek staan of struikel, sterwe of lewe; Hy is daar. Hy is die Bewaarder en Helper van sy kinders in 'n donker land van storms.

""Dit is die God der leërmagte

""troue Bondsgod van weleer

""God van wordende geslagte

""tot in ewigheid die Heer.'

"Amen."